
# 2025 BOERVOLK EENHEID VLAG

1. **KLEURE VAN DIE EENHEID VLAG EN STANDAARD GROTES:**
   Om eenheid te bevorder, word daar navorsing gedoen oor wat die kleurskakering van die vlag in die verlede was.




**Standaard vlag grootes (LxH):**

Seiljag vlae (60cm x 40cm)
Storm vlae (90cm x 60cm)
Vlagpaal vlae (180cm x 120cm)
Seremoniële vlae (270cm x 180cm)
Groot seremoniële vlae (360cm x 270cm)

Bron 1: https://www.flagcolorcodes.com/south-african-republice

**Color Names & Codes of the South African Republic Flag**

**Green**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | 007A4D |
| RGB | 0, 122, 77 |
| CMYK | 100, 0, 37, 52 |
| Pantone | 7726 C |
| RAL | 6024 |

Download

**Red**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | CE1126 |
| RGB | 206, 17, 38 |
| CMYK | 0, 92, 82, 19 |
| Pantone | 186 C |
| RAL | 3028 |

Download

**White**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | FFFFFF |
| RGB | 255, 255, 255 |
| CMYK | 0, 0, 0, 0 |
| Pantone | N. A. |
| RAL | N. A. |

Download

**Blue**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | 003884 |
| RGB | 0, 56, 132 |
| CMYK | 100, 58, 0, 48 |
| Pantone | 287 C |
| RAL | 5010 |

Download

R0 G122 B77
R206 G17 B38
R0 G56 B132

Bron 2: https://www.flagcolorcodes.com/orange-free-state

**Color Names & Codes of the Orange Free State Flag**

**Red**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | CE1225 |
| RGB | 206, 18, 37 |
| CMYK | 0, 91, 82, 19 |
| Pantone | 186 C |
| RAL | 3028 |

Download

**White**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | FFFFFF |
| RGB | 255, 255, 255 |
| CMYK | 0, 0, 0, 0 |
| Pantone | N. A. |
| RAL | N. A. |

Download

**Blue**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | 0038A8 |
| RGB | 0, 56, 168 |
| CMYK | 100, 67, 0, 34 |
| Pantone | 293 C |
| RAL | 5005 |

Download

**Orange**
Color Codes

| | |
|---|---|
| Hex | FF8400 |
| RGB | 255, 132, 0 |
| CMYK | 0, 48, 100, 0 |
| Pantone | 151 C |
| RAL | 1028 |

Download

R206 G18 B37
R0 G56 B168
R255 G132 B0

## 2. PROTOKOL VIR DIE VOER VAN DIE EENHEID VLAG VAN DIE BOER REPUBLIEKE



‘n Amptelike publikasie van die Zuid-Afrikaansche Boerevolk
Mei 2025

Die 2025 Eenheid Vlag is die geregistreerde vlag van die Zuid-Afrikaansche Boerevolk.

WAT IS ‘N VLAG?

‘n Vlag is nie maar net ‘n stuk lap nie. ‘n Vlag verteenwoordig ‘n volk of ander etniese of staatkundige gemeenskap en die grondgebied waarop daardie gemeenskap woon. Daar is etniese gemeenskappe en volke wat nie oor eie grondgebied beskik nie maar wat nogtans oor eie vlae beskik. Die vlag simboliseer, verteenwoordig, en staan vir die etniese gemeenskap of volk wat hom ontwikkel het asook vir sy hele geskiedenis. Verbranding van ‘n vlag is die grootste belediging wat ‘n mens aan ‘n volk of nasie kan toevoeg.

Vlae ontstaan nie normaalweg as skeppings van komitees nie, maar ontwikkel met verloop van tyd, uit die simbole wat vir die betrokke volk, stam, nasie of ander etniese eenheid belangrik is. Sulke simbole moet met die nodige eerbied en respek behandel word. Vlae word op spesifieke voorgeskrewe wyses vertoon en behandel. Vuil of geskeurde vlae mag nie gevoer word nie en moet vervang word. Vlae word gou goedkoop en word allemansgoed as hulle sonder eer en respek behandel word of op onwaardige wyse vertoon word. Vergelyk die Amerikaanse vlag en Mandela se heksepoot wat selfs op ASBLIKKE voorkom!

In die geval van die simbole van die Europese volkere is dit ooglopend dat sekere simbole en kleure herhaaldelik voorkom. Dit is nie bloot toevallig dat die kleurkombinasie rooi wit en blou in die vlae van die meeste Europese volkere voorkom nie, vanaf Siberië tot Hiberië, en in die Britse eilande en die VSA en verder.

Ook die 2025 Eenheid Vlag van Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke, afkomstig van die bekende eenheid vlae waaronder die Boer in die oorlog teen die Brit gestaan het, as simbole kom baie ver vandaan, oor baie millenniums. Dit moet dus met die

nodige eer en respek behandel word en daar is sekere gebruike en simboliese handeling daarom verweef.



**Boervolk**
**Eenheid Vlae**
**1898 – 1902**



Vir lede van die ZA Boerevolk is die 2025 Eenheid Vlag simbole wat hulle van hulle Hemelse Vader ontvang het, en wat deur Hom bewaar is oor die eeue. Hierdie twee vlae is derhalwe vir die Boerevolk die belangrikste volksvlae en die vlae van die toekomstige verenigde Boer Republieke. Die 2025 Eenheid Vlag is die geregistreerde vlag van die ZA Boerevolk. Lank lewe die Boerevolk! Laat haar vlag wapper! “En wee die Wettelose hand wat hom weer neer sal haal”.

SIMBOLIEK VAN DIE 2025 EENHEID VLAG

Die 2025 Eenheid Vlag van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) is ontwerp deur Vivian Poluniak, ‘n volksgenoot vanuit die Boervolk. Die kleure en ontwerpe is afkomstig van geskiedkundige vlae vanuit die Boervolk se geskiedenis tydens ‘n tyd van groot beproewing waar die Boer hom teen die Brit moes verdedig. Die Brit het oorlog teen die Republiek van Transvaal verklaar, maar die Republiek van die Oranje Vrijstaat het hul mede broers in EENHEID ondersteun. Vandaar die bekende gebruik van die oranje ondersteunende band onder die bekende Vierkleur in een van die vlae gedurende hierdie tyd. Om iets nuuts te skep, tog iets volkseie aan ons geskiedenis, is die oranje band onder effe verkort en die groen effe verleng wat die vlag esteties beter gebalanseerd vertoon. Die 2025 Eenheid Vlag se kleure kom ooreen met die heraldiese tekens en kleure van die Israelitiese stamme in die Almagtige Vader se Woord asook die van die 5de kleur wat in die Republiek van die Oranje Vrijstaat se vlag voorkom.

Groen simboliseer die groen land wat deur die Boer bewerk; waarvan die Boer se vleeslike lewensbestaan afhang. Die os, simbool vir Efraim (Deu.33:17), wat wei op groen gras (ook voorgestel word deur ‘n ossewa), is gebruik om die grondgebied van die Boervolk te verken, te tem en te bewerk.

Rooi simboliseer bloed en stryd vir die ALMAGTIGE Hemelse Vader, Volk, en Land. Derhalwe ook vir die Verbond tussen die Boervolk en haar ALMAGTIGE Skepper. Dit simboliseer ook vir die Leeu van Juda (Gen.49:9) en die Belofte dat die Huis van Israel altyd ‘n koningshuis sal hê uit die stam van Juda, tot in die laaste dae.

Wit is die kleur van die stam van Ruben, wat deur die afbeelding van die man voorgestel word (Gen.49:3). Ook die ras kleur van die Boervolk.

Blou stel die lug voor, waarna ons opkyk vir ons Hulp. Die arend sweef vrylik in die lug en is die simbool vir die stam van Dan (Opg.4:7). Dit stel dus die Vryheidstrewe van die Boerevolk voor.

Oranje stel weereens die EENHEID en vryheid voor waarna die Boervolk steeds smag, afkomstig van die ondersteunende eenheid van die Boere in die Vrijstaat aan hul broers in die Transvaal soos gesimboliseer in die Boer eenheid vlae gedurende die tydperk 1898 - 1902. Daar word gesê dat die Oranje Vrijstaat se vlag die bande tussen die OVS en Nederland verteenwoordig, en sy koninklike huis (van Oranje).

*"Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg*

*vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;*

*die pand van ons erf'nis geslag op geslag,*

*om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;*

*ons nasie se grondbrief van eiendomsland,*


*uitgegee op gesag van die Hoogste se hand!"*

Om hierdie redes moet die 2025 Eenheid vlag met respek behandel word en mag dit nooit goedkoop gemaak word nie.

SO LEES 'N MENS 'N VLAG:

'n Vlag word gelees soos 'n mens 'n boek lees: In die geval van lande met 'n Westerse alfabet lees 'n mens die vlag van links bon a regs onder, soos wat jy 'n boek lees. Soms het vlae dan ook woorde op, wat aan die voorkant van die vlag gelees moet kan word.

In die beskrywing wat volg moet u onthou dat u na die voorkant (gesigskant) of regte kant van die vlag kyk. Die vlag se eie regterkant (dekster kant) staan derhalwe aan u linkerkant op die bladsy, en die vlag se eie linkerkant staan aan u regterkant op die bladsy. Die belangrikste deel van die vlag is die boonste hoek aan die vlagpaal kant. Dit is dan vandaar af dat die vlag gelees word. 'n Mens lees nou die vlag van die linkerkant van die bladsy af , van bo na onder:




By die ZA Boervolk 2025 Eenheid Vlag, loop die vertikale groen baan oor dié hoek van die vlag. Die groen is derhalwe hier die belangrikste (eerste) kleur. Hierna volg die kleure rooi, wit, en blou en oranje in daardie spesifieke rangorde.

Ten einde die rangorde van kleure te kan handhaaf wanneer die vlag vertikaal hang, is dit dus noodsaaklik dat die vlag se agterkant (verkeerde kant) nou vertoon word (onthou, ons lees mos van bo na onder en van links na regs):




ERTOON VAN VLAE


Meervuldige Vlae:

Die "heksepoot"-vlag van die sogenaamde "Nuwe" Suid-Afrika mag nooit saam met enige van die Boer vlae vertoon word nie. Dit sou neerkom op 'n uiters growwe belediging vir die Boervolk en ons ALMAGTIGE Hemelse Vader. Dit mag onder geen omstandighede geduld word nie.

Wanneer daar twee vlagpale is, kom die vlag met die hoogste belangrikheid aan die (vlae se) regterkant (dekster kant). As die 2025 Eenheid Vlag gehys sou word saam met bv. die skoolvlag van Hoërskool Janus Walus, (denkbeeldige naam) sal die Eenheid Vlag eerste staan en die skoolvlag aan die Eenheid Vlag se linkerkant en die Vierkleur sal ook effens hoër gehys word.

Vir ‘n Boer wat bv. in die VSA woon, is die VSA-vlag die belangrikste, daarna die Vierkleur, en daarna alle ander vlae.


Die “heksepoot”-vlag van die sogenaamde “Nuwe” Suid-Afrika mag egter nooit saam met Boer Vae vertoon word nie. Die Boervolk is nie ‘n minderheidsgroep nie, maar ‘n volk in eie reg. Ons erken nie die onderdrukker-vlag van die ANC nie.




Dexter (Regs) Sinister (Links)

VLAE VAN “GELYKE” BELANGRIKHEID

Rangskikkings:




Skeepsmas-rangskikking

Twee vlagstokke

ONTHOU: Vuil, verbleikte of verslete vlae word nie vertoon nie.

By vlaghysing salueer persone in uniform. Mans wat nie in uniform is nie, haal hulle hoede af en kom op aandag volgens die gebruik van die land waarin hulle woon. Geen deel van die vlag mag ooit op die grond hang nie. By vlagstryking (wanneer die vlag van die vlagpaal afgehaal word) word die vlag se onderste punt neergelê op die skouer van die persoon wat die vlag stryk. Die vlag word dan na onder gebring totdat die hele vlag op die stryker se skouer lê. Daarna kan dit opgevou word, met dien verstande dat geen gedeelte van die vlag aan die grond mag raak nie.

Vlae kan ook op klere vertoon word, verkieslik in die volgende posisies:



Die vertikale (sagittale) middellyn van die liggaam vorm die “vlagpaal.”

Die vlag wapper dus na die sinisterkant toe. Op die linkermou wapper die vlag na agter.

Metaal Lapelwapentjie op kraag; Geborduurde lapvlaggie op bors bokant sak OF op mou NOOIT OP ALTWEE NIE.

Op dubbelborsbaadjies en windbrekers word vlaggies verkieslik op die linkermou gedra. Op kleurbaadjies kan vlaggies as sak kentekens gedra word op die bosak.

KLEDINGSTUKKE

Indien die Eenheid Vlag op klere aangebring word, moet dit op so ‘n wyse gedoen word dat die waardigheid van die vlag nie daardeur geskaad word nie. Die kleure van die Vlag kan bv. in hemde en truie en sweetpakke gebruik word, mits sulke kledingstukke gedra word om patriotisme te vertoon, en nie aangewend word as werksdrag waar die status van die kleure besoedel word deur sweetreuk of vuilheid van die kledingstuk nie.

As ons dan die reëls toepas wat hierbo genoem is, sou dit aanvaarbaar wees om truie of hemde of T-hemde te maak en te gebruik in kleurskema’s soos die volgende:



Dit sou egter verkeerd wees om bv. ‘n broek te lap met ‘n Eenheid Vlag. Kledingstukke met vlae mag onder geen omstandighede in besit kom van ‘n volksvreemde nie.

Ook mag die Vlag NOOIT as tafeldoek gebruik word nie, hoewel dit aanvaarbaar sal wees om dit as tafelversiering te gebruik mits dit mooi gedrapeer word en daar nie ‘n moontlikheid is dat daar kos of ander dinge op gemors word nie. Die sleutelwoord met die gebruik van die Eenheid Vlag is “respek”.


BEGRAFNISSE

Die Vierkleur mag gebruik word om ‘n doodskis te bedek in gevalle waar die oorledene volksdiens verrig het. Net voordat die kis in die graf afsak, word die vlag verwyder en opgevou, waarna dit aan die naasbestaandes oorhandig word vir bewaring as nagedagtenis aan die oorledene.

EENHEID VLAG PLAKKERS OP VOER- EN VAARTUIE

Dit is gebruiklik by lede van die Boerevolk om vlag plakkers op die agterruit van hulle motors aan te bring om hulle volk samehorigheid aan te toon. Dit word ook op motors se nommerplate aangewend in die plek van ander onaanvaarbare kentekens.

Denkbeeldige middellyn van motor vorm “vlagpaal.” Vlae wapper weg daarvandaan. Plak vlaggies regs van die middellyn op enige posisie aan die agterkant van die motor.



Op busse en ander voertuie word vlae soms op die sykante aangebring. In hierdie geval moet die vlae altyd vanaf die voertuig se voorkant na die voertuig se agterkant wapper.

Op lokomotiewe en ander rollende materiaal word die vlag as embleem aangebring met die vlagpaal aan die vlag se regter (dekster) kant.

Vir ‘n feesgeleentheid, word twee vlaggies op vlagstokkies aangebring, een links en een regs voor aan weerskante van diesellokomotiewe se neus, of voor aan weerskante van stoomlokomotiewe se stoomketel.

Op vaartuie binnelands word die 2025 Eenheid Vlag aan die vlagstok gewapper in plaas van ander landsvlae.

Op vaartuie binne Suid-Afrikaanse gebiedswaters mag die Eenheid Vlag as landsvlag/nasievlag eers op vaartuie gewapper word sodra die Boerevolk weer vry is. Boer erfenis vlae en die Eenheid Vlag mag NOOIT saam met die ANC se sg. “kettie-vlag” of “G-string-vlag” gewapper word nie.